ALGEMENE INLIGTING

1. Die persoon wat die inskrywingsvorm teken en perde inskryf vir Saalperd klasse, moet ‘n lid van die NSV wees en aanvaar verantwoordelikheid vir die perde gedurende die skou

2. ‘n Perd se werklike ouderdom op die eerste dat van die skou is sy ouderdom vir die duur van die skou

3. Die ouderdom van ‘n kind op 1 Januarie is sy/haar ouderdom vir die res van die jaar. Kinders is persone wat 18 jaar of jonger is

4. Kinders onder 10 jaar mag nie aan vyfgang of senior klasse deelneem nie

5. Kinders onder 12 jaar mag nie aan tuigklasse deelneem nie

6. Kinders moet 14 jaar oud wees om aan die Wereldbekerkompetisie deel te neem en 12 jaar vir enige ander ruiterkunskompetisies, tensy anders vermeld

7. Stap/draf ruiters onder 8 jaar moet met springteuels deelneem

8. Geen hings mag in ‘n kinder- of damesklas vertoon word nie

9. ‘n Kind moet vir die duur van die skou in dieselfde ouderdomsgroep aan vertoonklasse deelneem DUS mag die kind vir die duur van die skou as senior deelneem, maar mag op geen stadium terugval na vertoonklasse in sy/haar werklike ouderdomsgroep nie. Klasse soos Kindersiertuig, Kindervyfgang en Natuurlike Maanhaar en Stert wat nie in alle ouderdomsgroepe aangebied word nie, beinvloed nie die ouderdomstatus van ‘n ruiter nie. Hierdie reel geld slegs vir saalperdvertoners en is nie van toepassing op Alle Rasse klasse nie.

10. Kinders wat aan vertoonklasse deelneem, hoër as sy/haar werklike ouderdomsgroep, mag op dieselfde skou aan ruiterkunsklasse deelneem in sy/haar regte ouderdom

11. Leiriemklasse

    11.1 Uitslae tel nie vir streeks- of enige ander kompetisie nie
    11.2 Hierdie ruiters mag aan geen ander klas op die skou deelneem nie
    11.3 Perde moet geskik wees, veiligheid is uiters belangrik
    11.4 ‘n Trenstoom met enkelteuel, neusband en springteuels is ‘n vereiste. Die saal moet by die grootte van die ruiter pas en sy/haar voete moet in die stiebeuels wees
    11.5 Ruiters ry in ‘n sirkel so groot soos deur die Baanmeester bepaal, om die Beoordelaar
    11.6 Die hanteerder moet netjies geklee wees
    11.7 Slegs een hanteerder per deelnemer
    11.8 Alle perderasse word toegelaat

12. Ontwikkelingsklasse sal oorweeg word indien genoeg inskrywings ontvang word

13. Stap/Draf klasse word vir ruiters 8 – 10 jaar oud, aangebied. Springteuels is ‘n vereiste en perde moet baie geskik wees. Netjies geklede helpers mag met toestemming van die Baanmeester in die baan wees. Daar sal egter streng teen ‘n ruiter aan wie hulp verleen word, gediskrimineer word. Helpers mag ruiters uitlei na die klas. Ruiters moet die baan op ‘n stap verlaat. Deelnemers aan hierdie afdeling mag nie aan ander klasse deelneem nie. ‘n Ruiterkunsklas en ‘n Perdeklas word aangebied.
14. Nuwelingsklasse word vir driegang- en vyfgangperde wat 5 jaar en ouer is aangebied. Nuwelingstatus verval na een jaar in die afdeling of sodra die perd aan ‘n ander klas in dieselfde afdeling deelneem

15. ‘n Driegang Natuurlike Maanhaar en Stertklas word aangebied. Gesnyde sterte en sterte wat in ‘n set was, word nie toegelaat nie en maanhare moet natuurlik wees, behalwe vir die area tussen en agter die ore wat kortgesny mag wees. Kinders en seniors mag deelneem en vir hulle onderskeie kampioenskappe kwalifiseer. Perde moet in die Kampioenskappe met vals sterte vertoon word

16. Kinderperde moet geskik wees met goeie maniere. Geen hingste word toegelaat nie. Word beoordeel op maniere, “performance”, “presence”, kwaliteit en bouvorm

17. Damesperde moet geskik wees vir ‘n dame met die klem op maniere. Geen hingste. Word beoordeel op maniere, “performance”, “presence”, kwaliteit en bouvorm

18. Dames mag hingste in ander klasse vertoon

19. “Handholds” is verpligtend vir dames- en kindersiertuigklasse

20. Dieselfde perd mag nie aan meer as twee items per dag en vier items per skou deelneem nie. Hand- en leiriemklasse word nie hierby ingereken nie. Perde wat uitgeput voorkom, sal uit die baan verskoon word. Sodanige stap deur die Beoordelaar is onaanvegbaar.

21. Verbode toerusting:

    21.1 Fietskettings
    21.2 Sien onder opskrif “Versamelringbeampte”

22. Time Out – Aankondiger laat perde ontspan op instruksie van die Baanmeester met toestemming van die Beoordelaar. Dit word gedoen as iets onvoorsiens soos ‘n ongeluk gebeur of as ‘n perd buite beheer raak of as toerusting breek. By toerusting breek, word die volgende ingesluit; ophaler haak uit/quarterboots gaan los/bellystring gaan los. Met die toestemming van die Baanmeester mag ‘n helper die arena binnekom om die los item vas te maak of stukkende item te vervang. Geen verstelling mag gedoen word nie

23. Vervang van ruiter of drywer – dit mag slegs oorweeg word waar ‘n besering of siekte die vertoner verhoed om die klas te voltooi

24. Kontak (hulp van buite) – enige hulp van buite en helpers wat die baan binnekom sonder toestemming van die Baanmeester sal tot die diskwalifikasie van die betrokke vertoner lei

25. Val – indien ‘n ruiter val as gevolg van ‘n botsing, skoppery, inmenging van buite die baan, of ‘n gladde baan, is dit nie diskwalifikasie nie. Die Beamptes van die vertoner laat voortgaan. Indien die ruiter val as gevolg van die perd se swak maniere of die ruiter se onvermoe om die perd te beheer, word die vertoner gediskwalifiseer

26. Quarterboots wat losgaan – ‘n klas sal twee keer ontspan word om dieselfde deelnemer sse quaterboots te herstel. Daarna sal die perd sonder quarterboots moet ry of terwyl ander perde beoordeel word word die probleem reggestel. Die Beoordelaar moet elke perd in elke gang en in beide rigtings sien om te kan beoordeel. Sou ‘n perd du seen gang mis, is dit tot sy nadeel

27. Misbruik van ontspan (time out) – die Beoordelaar of Baanmeester kan ‘n deelnemer diskwalifiseer indien die deelnemer die time out misbruik. Die Baanmeester kan inligting aan die Beoordelaar deurgee wat ‘n diskwalifikasie regverdig, of die Beoordelaar kan self so besluit

28. Brekasie van karretjie of tuig – 5 minute

29. Bad Luck – indien ‘n yster verloor word, fout kommet ‘nvals stert of ‘n perd kan nie voortgaan nie as gevolg van ‘n botsing, mag hy met die Baanmeester se toestemming aan die inspeksie deelneem en vir die Kampioenskap kwalifiseer. Indien die vertoner nie kan aanbly nie, mag hy deur die Baanmeester verskoon word met die toestemming om aan die Kampioenskap deel te neem

30. Afklim – toestemming moet van die Baanmeester gekry word om af te klim, anders sal dit as ‘n val en dus diskwalifikasie beskou word

31. Retire – toestemming van die Baanmeester moet verkry word om op te hou

32. Baan verlaat – toestemming om die baan te verlaat, moet van die Baanmeester verkry word. Indien die perd/ruiter aan die Kampioenskap wil deelneem, moet toestemming verkry word voordat hy die baan verlaat

33. Onooglike sterte – perde wat hulle sterte verloor, sal verskoon word

34. “Humane” sterte in handklasse - daar moet ‘n skriftelike versoek aan die Uitvoerende Komitee vir die dra van ‘n “humane” stert vir ‘n handklas ingehandig word saam met die inskrywingsvorm vir ‘n skou, maar nie later as 14 dae voor die skou nie. Die versoek moet vergesel wees van ‘n veearts verslag wat bevestig dat die perd sy stert nie natuurlik kan gebruik nie as gevolg van ‘n besering, dat dit nie ‘n teelfout is nie en dat die perd steeds

natuurlik kan dek of gedek word. Die veearts verslag moet onder die aandag van die beoordelaar gebring word voor die skou in aanvang neem en moet ook te all tye ter insae beskikbaar wees vir lede. Die stert moet so onopsigtelik en netjies as moontlik vertoon word. Geen skewe, onnet of seer sterte sal toegelaat word nie. Al bogenoemde vereistes moet vir elke Namibiese skou waaraan so 'n perd wil deelneem, nagekom word

35. Bloed – enige teken van bloed kan tot 'n diskwalifikasie lei. Indien die bloed as gevolg van 'n ongeluk is, moet die perd verskoon word. Waar die bloed afkomstig is van 'n ongeluk, maar eers in die line-up opgemerk word, moet die perd verskoon word en die vertoner kan in die baan bly om 'n moontlike prys te ontvang

36. Diensbare geskiktheid – perde moet diensbaar geskik wes, met ander woorde, moet nie fisies 'n tekortkoming he wat verhoed dat die perd kan doen wat van hom verwag word vir die duur van die item nie

37. Mankheid – perde wat mank is, of ongemaklik lyk as gevolg van moontlike pyn, sal gediskwalifiseer word – brief van veearts

38. Blindheid – perde blind in beide oe mag nie deelneem nie. Perde blind in een oog mag nie aan teelklasse deelneem nie

39. Wreedheid – oordadige gebruik van hande, bekstukke, peitse en spore mag tot 'n diskwalifikasie lei. Die UK kan strawwe oorweeg ook vir wreedheid buite die baan, byvoorbeeld drawreins, fietskettings, rekke, hackamores. Dit is alle eienaars en vertoners se plig om toe te sien dat 'n goeie beeld na buite gestraal word. Spore mag deur alle ruiters gebruik word, insluitend dames en kinders oor 12 jaar. In Ruiterkuns moet stomp spore gebruik word. Opvallende gebruik is 'n diskriminasie. Oordadige gebruik is 'n diskwalifikasie

40. Ore – geen drade en of vasmaak van ore is toegelaat nie. Versamelringbeampte mag perde daarvoor inspekteer

41. Gemmer – verbode – diskwalifikasie

42. Saalboomsteek – ruiters moet saalboom steek op 'n draf. Dit moet vir die Beoordelaar duidelik sigbaar wees. Aanhoudende gestampery kan lei tot 'n diskwalifikasie

43. Pas – 'n perd wat aanhoudend pas sal gediskwalifiseer word. 'n Neiging tot pas is 'n ernstige diskriminasie

44. Kortgang – daar sal teen enige perd gediskrimineer word wat nie 'n suier kortgang doen nie. Wanneer daar 'n neighing deur vertoners is om die kortgang te ignorer, sal die Beoordelaar deur middel van die Aankondiger weer die bevel gee om 'n kortgang te doen. Indien 'n vertoner nog steeds nie die perd op 'n kortgang vertoon nie, sal baie sterk teenhom gediskrimineer word

45. Suiwerheid van gange – perde moet in beide rigtings al die gevraagde gange suiwer doen. Verontagsaming hiervan sal tot 'n diskwalifikasie lei

46. 5 Gang stap – aangesien net die eerste stap na die draf beoordeel word, mag vertoners die daaropvolgende stappe gebruik om 'n beter posisie in die baan te verkry, die perd te "collect" of vir 'n oomblik stap, maar mag nie in die tydsduur van die stap stilstaan nie

47. Die verbind van bene en hoewe is ontoelaatbaar, tensy die skoukomitee besluit dat dit gedurende nat toestande gedoen mag word

48. Maniere – is van uiterste belang in kinder- en damesklasse. Perde wat in 'n kinderklas ontwrig, sal onmiddellik ingetrek word. Perde met slegte maniere in 'n damesklas, sal teen gediskrimineer word

49. Gevaarlike gedrag van perde – perde wat vassteek, die verkeersvloei van 'n klas belemmer, na die binnekant van die baan neig, aanhoudend weier om 'n gang te doen spring of skop, sal na die binnekant van die baan beveel word en verskoon word. Die besluit berus by die Beoordelaar en die Baanmeester

50. Gevaarlike optrede deur 'n ruiter – 'n ruiter wat die klas aanhoudend verhinder om vloeiend te verloop (onderbreek) deur ander vertoners af te sny, tussen ander ruiters en die reling inry, ander deelnemers, die Beoordelaar en beampte hinder, sal gediskwalifiseer word

51. Vertoners in oop klasse – hingste mag in oop klasse deur dames vertoon word. Kinders onder 10 jaar mag nie hier deelneem nie

52. Tuigklasse – perde moet mooi staangemaak word en borge moet in staat gestel word om ‘n goeie foto saam met ‘n perd te kry sonder dat die helper op die foto is. Helpers moet netjies geklee wees sonder enige naam of emblem van die stalle op die drag

53. Work Out – mag tussen twee of meer perde aangevra word aan die einde van ‘n klas. Perde wat reeds deur die Beoordelaar geplaas is, hoef nie in die work out te wees nie. Perde kan gevra word om net sekere gange te doen, in een of beide rigtings. Die perd se vertoning in die work out is aanvullende tot sy vertoning n die klas

54. Re-ride – moet aangekondig word voor die perde omdraai. Dit is ‘n nuwe klas. Minstens twee perde meer as die plasings moet deelneem. Ander perde word verskoon, terwyl die numeries vermelde perde op ‘n stap in posisie kom. Perde word op alle gange, in beide rigtings vertoon.

55. Verbode gebruike – blinddoek, toe blinkers, brandblussers, klappers en shackles. Enige ander metodes of toerusting wat die saalperdbedryf in ‘n slegte lig kan stel

56. Beoordelaarsdrag – mans, das en baadjie – dames, baadjie met romp of langbroek. In lyn met wat van die vertoners verwag word

57. Ererondte – moet in volgorde van plasing uitgaan. Dis te laat vir die tweede perd om die Beoordelaar te oortuig. As jy op ‘n vinnige trippel wil uitgaan, moet jy self spasie daarvoor toelaat

58. Drag – ruiters en drywers – sien voorskrifte onder betrokke afdelings. Alle drag sal van goeie smaak getuig. Die volgende hoort nie in die baan nie, “ruffles, string ties, large bowls, large flowers, suits without a waistcoat, gaudy colours”, vuil drag, skoene nie behoorlik vasgemaak nie. Formele drag moet nie voor 18:00 gedra word nie

59. Drag – Handklasse – vertoners en helpers moet netjies geklee wees in ‘n langbroek, knoophemp en das. Uithanghempde en rybroeke wat by sokkies ingesteek is, is nie aanvaarbaar nie

60. Suid-Afrikaanse Reëlboek 2013 se reëls word soos dit is aanvaar vir teelklasse, 5-gang, 3-gang, siertuig, enkeltuig en ruiterkuns, behalwe dat ons nie al die klasse aanbied nie. Klasse word aangebied volgens beskikbare deelnemers, maar in lyn met Suid-Afrika.

61. Die volgende afdelings van die Suid-Afrikaanse Reëlboek, word as deel van die Huishoudelike Reëls aanvaar:

    61.1 Teelklasse
    61.2 Vyfgangafdeling (Klasse aangebied word nie by die Huishoudelike Reëls ingesluit nie)
    61.3 Driegangafdeling (Klasse aangebied word nie by die Huishoudelike Reëls ingesluit nie)
    61.4 Siertuigafdeling (Klasse aangebied word nie by die Huishoudelike Reëls ingesluit nie)
    61.5 Enkeltuigafdeling (Klasse aangebied word nie by die Huishoudelike Reëls ingesluit nie)
    61.6 Ruiterkunsafdeling

62. Perde wat tydens ‘n skou siek word of doodgaan **MOET** op die koste van die eienaar deur ‘n veearts ondersoek word, siekte en/of oorsaak van dood moet aan die komitee bekend gemaak word

63. Wanneer vertoners ingeroep word om aan te tree moet hulle in dieselfde rigting bly beweeg. Vertoners wat stroomop beweeg, sal gediskwalifiseer word

64. ‘n Klophings mag nie in ‘n teelklas/handklas vertoon word nie

65. Driegangperde word verkieslik met kort maanhare geskou. Indien ‘n driegangperd wel met maanhare vertoon word, moet daar lingte in gevleg wees

66. Borge moet met agting behandel word, veral tydens die ontvang van pryse

67. Beperking op die beslaan van vullens – speenvullens word kaalvoet vertoon. Jaaroud vullens mag ‘n winkelyster en ‘n 5mm pakstuk op he, maar die totale lengte mag nie 115mm oorskry nie

ONTOELAATBARE KRUISINSKRYWINGS IN VERTOONKLASSE

1. Dieselfde perd mag nie aan die Siertuig en Enkeltuig deelneem nie

2. Dieselfde perd mag nie aan die Driegang en Vyfgang deelneem nie

3. Stap/Draf perde mag nie aan Vyfgangklasse deelneem nie

4. Natuurlike Maanhare en Stert perde mag nie aan ander klasse in dieselfde afdeling, behalwe die Kampioenskappe deelneem nie. Hulle mag wel aan Ruiterkunsklasse en Tuigklasse deelneem

5. 'n Junior perd (4 jaar en jonger) mag net as junior of net as senior deelneem en mag kwalifiseer vir die Kampioenskappe

6. 'n Kind mag op eie risiko aan sekere (**) kwalifiserende klasse deelneem om te kwalifiseer vir die Kampioenskap

KWALIFISERING VIR KAMPIOENSKAPPE

1. Die eerste twee plasings in handklasse vir Saalperde, Friese / Vlame en Alle Rasse kwalifiseer vir hul betrokke Best of Breed Kampioenskap
2. Die eerste twee plasings van die onderskeie best of Breed Kampioenskappe kwalifiseer vir die Champion of the Yard

3. Plasings in die Kampioen Driegang Fries / Vlaam en Kampioen Enkeltuig Fries / Vlaam kwalifiseer vir die onderskeidelike Kampioenskappe, mits inskrywings genoeg is.

4. Plasings in die Alle Rasse Driegang Ryperd, Dames Driegang en Beste Drawwer kwalifiseer vir die Driegang Plesierperd Kampioenskap (Alle Rasse)

5. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfgang Kampioenskap
   - 5.1 Vyfgang 5 jaar en ouer (**)
   - 5.2 Dames Vyfgang
   - 5.3 Mans Vyfgang
   - 5.4 Vyfgang 4 jaar en jonger (**)
   - 5.5 Vyfgang Nuwelingsperd (**)

6. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Enkeltuig Kampioenskap
   - 6.1 Enkeltuig 5 jaar en ouer (**)
   - 6.2 Enkeltuig 4 jaar en jonger (**)

7. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Siertuig Kampioenskap
   - 7.1 Siertuig 5 jaar en ouer (**)
   - 7.2 Dames Siertuig
   - 7.3 Mans Siertuig
   - 7.4 Siertuig 4 jaar en jonger (**)
   - 7.5 Kinder Siertuig – vertoner 12 jr en ouer

8. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Kampioenskap
   - 8.1 Driegang 5 jaar en ouer (**)
   - 8.2 Dames Driegang
   - 8.3 Mans Driegang
   - 8.4 Driegang 4 jaar en jonger (**)
   - 8.5 Driegang Nuwelingsperd (**)
   - 8.6 Driegang Natuurlike Maanhare en Stert(**)
   - 8.7 Driegang Parkperd (**)

9. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Tienerryperd Kampioenskap
   - 9.1 Driegang Kinderryperd vertoon deur 'n ruiter 14 jaar en jonger (Saalperde & Alle Rasse)
   - 9.2 Driegang Kinderryperd vertoon deur 'n ruiter 18 jaar en jonger (Saalperde & Alle Rasse)
   - 9.3 Driegang Natuurlike Maanhaar en Stert – vertoon deur 'n ruiter 18 jr en jonger

10. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfganggang Tienerryperd Kampioenskap
    10.1 Vyfgang Kinderryperd vertoon deur 'n ruiter 18 jaar en jonger

11. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Driegang Tienerruiter Kampioenskap
    - 11.1 Driegang Kinderruiter 14 jaar en jonger (Saalperde & Alle Rasse)
    - 11.2 Driegang Kinderruiter 18 jaar en jonger (Saalperde & Alle Rasse)

12. Die volgende klasse se plasings kwalifiseer vir die Vyfganggang Tienerryperd Kampioenskap
    12.1 Vyfgang Kinderruiter 18 jaar en jonger

PLASINGS

1. In kwalifiserende klasse word vyf plasings gemaak

2. In die kampioenskappe word agt plasings gemaak

3. Alle plasings in klasse kwalifiseer vir die betrokke Kampioenskap

4. Alle plasings het waardes met betrekking tot kompetisies soos die Perd van die Jaar en die Streekskompetisie wat op die Namibiese Kampioenskap gehou word